

DEEL DREEF.VAN DIE KERKLIKE SAMEKOMSTE.ARTIKEL 29.

Vierderlei kerklike samekomste sal onderhou word.— die kerkraad, die klassikale vergaderinge, die partikuliere sinode en die generale of nasionale sinode.

Van die begin af is sulke meerdere vergaderings nodig geag in die Gereform. kerke. Anders is dit by die Lutherse wat die territoriale stelsel huldig, n.l. die landsoverheid is ook die kerk-overheid. Onder die territoriale stelsel word die land dan ook net uit nuttigheds oorwegings in die plaaslike kerke verdeel. In die kleiner lands werk die overheid, omdat hulle hul nie met alle end onderdale kan inlaat nie, hier die intermidier van Minister van Erediens, of 'n Superintendent. In grotte groter lande dien middel van 'n kollege. Wel raadpleeg die overheid, maar nie met die kerke nie, maar met die predikante of ecclesia dacens.

Die gemeentelde moet eenvoudig net gehoorsaam. In die Episkopale stelsel is van meerdere vergaderings nog minder sprake. Daar is 'n vergadering van biskoppe. Wel is daar ook 'n vergadering van Diocese maar die biskop beslis in onderworpenheid aan die hoof van die kerk (Defensor Fidei). In Engeland is die Hollandse Vluchteling gek lank bemoedig om klassis te hou. Daar is gevrees dat die Engelse Gereform. dieselfde sou vrou doen.

Die Anabaptiste het alle amp en diens ontken. Ook by die Independente, wat die mag actualiter in die gemeente le, was teen kerkverband. Die Gereform. met Calvyn voorop, het egter alle kerkverband gesoek. In Swizerland en Frankryk, is onder leiding van Calvinus sinodes gehou. In Holland het dit gebeur sedert 1563, in die Kruiskerk van Suid Holland. Vgl. die inleiding by die acta van die Konvent van Nijmegen, 1568. Reeds te Nijmegen vind mens die bepalinge omtrent die kerklike vergaderinge. Ewene te Dordt, 1574 en 1575.

Op Gereform. standpunt kan dan ook van 'n vyfde soort vergadering gesprek word, n.l. van 'n oekomeniese sinode. Teenswoordig is so 'n sinode bykans ondenkbaar weens afstande x en taalverskille. In die 16de eeu was die wereld nog nie so groot nie, en het die geleerde nog Latyn gepraat. Koning Eduard VI het probeer om 'n oekomeniese sinode bymekaar te roep, maar dit is deur su dood verydak. In 1577 is dit weer te Frankfort beproef. Nie manne daar aanwezig, n.l. Gereform. uit Frankryk, Engeland, Polen, Duitsland, en die Nederlande, was egter nie afgevaardigdes nie. Ook was 'n gemeenskaplike konfessie nie die uitkomst nie. In Swizerland is in 1581 'n harmonia confessionum op gestel. Die Dordtse sinode het die meeste op 'n oekomeniese sinode gelyk. Tog het die Franse afgevaardigdes ontbreek, wat deur die koning verhinder was.

Die Gereform. kerk is nie alleen 'n communicatio, maar ook 'n combinatio van kerke, sodat haar bestaan nog nie opgaan in 'n groter geheel nie. Hulle bly kerke. In daardie opsig is gesindig per excessum et per defectum. Per excessum deur Rome, en per defectum deur die Independentiste en Anabaptiste.

A. DIE NOODSAKLICHED VAN DIE KERKVERBAND.

In die N.T. vind ons geen regstreks gebod. Dit is egter ook die geval met die kinderdoop, ens. Die kerkverband steun op die volgende oorwegings.

- I. die gelowiges is almal een in Christus en daardie eenheid moet soveel moontlik na buite geopenbaard word. Nie alleen die gelowiges van dieselfde plek nie, maar ook van ander plekke moet daardie eenheid soek.

2. In die N.T. vind ons 'n aanwysing in Hand. 15. Daar is die klem van die meerder vergaderings, hoewel die aanweesiges nie eintlik laasbrieue gehad het nie. Die was 'n apostal konvent. In Rom. 15; 26 en 2 Kor. 8 sien ons dat die nood van die kristene in Judea die gelowiges in gemeenskap gebring het. In 1 Kor. II; 16 word die voorbeeld van die ander kerke voorgehou.
3. Die kerke het, as kerke, gemeenskaplike belang en node. Daarvoor moet gesamentlik gesorg word.
4. Die plaaslike kerk moet in haar eie belang met ander in verband tree. Die geskiedenis toon aan dat kerke, wat op hulself gestaan het, spoedig insink en afwyk deur twis verakeur word.
5. Die plaaslike kerk het ook 'n roeping ne bytse, wat wat alleen deur die kerkverband kan betrek word.

B. DIE AARD VAN DIE KERKVERBAND.

1. Dit is 'n verband van kerke met kerke, deur kerkrade en nie deur biskoppe van kerke, superintendente of kollege.
2. Die kerke van die verband moet self daartoe toestemming gegee het. Die kerkverband kan dus nie dwingend opgele word nie.
3. Die verband moet so ingerig wees, dat 'n nie - te groot aantal kerke gereeld kan saamkom, b.v. 'n klassis.
4. Die kerke van dieselfde verband moet ooreenkoms in belydenis, K.O. en diens, anders is die gemeenskaplike behandeling van sake onmoontlik.
5. Die verband moet 'n kerkverband bly, en nooit 'n soort van nuwe kerk word nie, gevorm uit gemeenskaplike kerke van die verband. Dit sou wees territoriaal ('n landskerk), kollegiaal ('n genootskapskerk), of Rooms. Volgens die Gereform. beginsal is die kerk 'n vergadering van gelowiges, en nie van kerke nie.
6. Die kerkverband moet aangegaan word om die vryheid en mag van die plaaslike kerke te beskerm en te bewaar, en nie om dit op te hef nie.
7. Aan die kerkverband mag nooit enige nuws of besondere bestuur toegeken word nie wat tevore in die plaaslike kerke ook nie teenwoordig was nie. Dus mag daar geen nuwe regering kom buite die kerkraad om nie, maar alleen 'n gesamentlike handelinge van die kerkrade.
8. Die meerder vergaderings kannie bevel of voorskryf nie. Hulle is geen nuwe bestuurskolleges nie. Maar hulle beraadsdag in oorleg met mekaar soos kerkrade.
9. Die kerk mag haarself niks aannemelik bo die ander nie. Hy wat meerder gawes het, moet met hierdie gawes dien en nie heers nie.
10. Die een kerk mag die ander nie hinder nie om in die weg van reformatie misstande uit die weg te ruim nie.
11. Die kerkverband moet sig bepaal tot sakkemat allseen tot die kontempsie van die kerkrade behoort. Handel oor sake alleen van meerder kerke, of oor geskille wat in die plaaslike kerk nie tot onpleasing kan saaiing word nie.

12. Die kerkverband mag nooit iets doen nie, wat tot die kontemporale van die plaaslike kerk behoort nie, ook al sou die dit wil oorges.

Voetius konkludeer dat die mag van die klassis en sinode nie 'n eintlike besit van mag is nie, maar slegs 'n tydelike uitvoerking daarvan. Die kerke moet nie heers nie, maar dien. Die mag is ook nie 'n mag nie soos die van 'n ouer oor die kind.

In verband hiermee,werp Voetius die volgende vraagstukke op-

1. Of die klassis aan die plaaslike kerk voorafgaan?

Antw.- Nee, eers is daar die saak wat in verband moet tree, en dan is die saak self.

plaaslike kerk

2. Of die mag van die kerkverband afhang van die kerkverband soos 'n boom van 'n wortel?

Antw. Nee, die plaaslike kerk hang alleen af van Christus, haar hoof en Wortel.

3. Of die klassis of sinode 'n kerk kan genoem word?

Antw.- Dit kan alleen oordragtelik geskied.

4. Wat is die eigentlike fundament van die kerkverband?

Antw.- Geen K.O. of bevel van die owerheid, of gebrekkige toestand van die plaaslike kerk, of tradisie, maar alleen die goddelike reg en gebod van die vrywillige toestemming van die kerke self. Vgl. die huwelik wat tot stand kom uit goddelike gebod, en tog 'n vrywillige relasie is.

5.- Of die kerk in die verband, daardie verband weer na die vryheid kan laat vaar?

Antw.- Nee, die kerk in die verband mag dit alleen doen in geval van nood, d.w.s. wanneer sy gedwing word om af te gaan van die ordinansie van God. Hier gebruik Voetius weer die beeld van die huwelik. Dit is vrywillig aangegaan, maar mag alleen verbreek word in geval van egbreuk.

6. Of die plaaslike kerke in verband tree, ook vir die volgende gevalle?

Antw.- Nee, 'n kerkraad van die plaaslike kerk kan die verband alleen vir sig self aangaan en nie vir sy opvolgers nie. Maar, word teengewerp, ons sien nie die vernuwing van sodanige toestemming nie. Die toestemming is of stilswyend, of uitgedruk. Die verband kan wees implice of explicite. Die verband word stilswyend vernuwe.

7. Of die kerkverband deur die owerheid kan op gele word?

Antw.- Dit hang af van die konvensie van die kerke. Die staat mag formeel wel gebied, maar dit hang van die kerke af, wat hulle met sodanige verbod sal doen. Voetius noem die voorbeeld van die Hongaarse Gereform. Kerke, wat verbinder om net die Duitse Geref. kerke in verband te tree, en die voorbeeld van die vier Franse afgevaardigdes, wat verbinder is om die Dordtse sinode by te woon. Die kerke het toe maar daarin berus, en om dan te berus is nie teen Gods Woord nie. Die kerkraad en nie die sinode is dus die hoogste mag in die kerk. Die sinode staan laer, omdat haar mag af geleid is van die kerkraad self.

8. Kan 'n kerk buite die kerkverband ook 'n kerk genoem word?

Antw.- Ja, elke plaaslike kerk is 'n ware kerk van Christus. Op haar rug egter die verpligting om verband te seek, anders sink sy weg.

9. Om watter redes staan die plaaslike kerk hoër as die klassis of sinode?

9. Om watter redes staan die plaaslike kerk hoër as die klas-sia of die sinode?

Antw.-Vostius naam die volgende uit Parker oor.-

- deur haar essentialitas. Die sinode is geheel akidenteel. Die plaaslike kerk is eassiedel.
- deur haar finalitas, want die plaaslike kerk is nie ingestel ten behoeve van die sinode nie, maar die sinode is ingestel ten behoeve van die plaaslike kerk.
- deur haar formalitas,. Die sinode het geen mag, wat nie afgaloei is uit die plaaslike kerk nie.
- deur haar stabilitas. Die sinode is tyuallik, en kan ontbrek, maar die plaaslike kerk bly.
- deur haar necessitas. Die plaaslike kerk is noodsaaklik terwyl die sinode genoeg kan word. Die sinode raak nie die wees, maar die welsent van die kerk.

10. Het sinodes en klassies oor die plaaslike kerke iets te sê?
Antw.- Deur die Independeente word dit ontker, en deur die Ceref. toegestem. Die plaaslike kerke moet die besluite van die klassies en sinodes erken, behoue beroep op die Woord van God. 'n Band wat nie bind nie, is 'n contradicatio in terminis.

In die art. word daar vier samekomste naas mekaar genoem. Dit wil egter nie se dat hulle gelyksoortig is nie. Die kerkraad is 'n vergadering van persone, wat hulle mag van die Eere ontvang, en daardie mag saambring. Klassies en sinodes, is egter vergaderings van kerke, slegs gerepresenteur deur persone. Op syfeelf is dit denkbaar, dat ook in die klassies alle persone samkom. In werklikheid is dit onmoontlik. Vandaar die afvaardiging. Hierdie verkry die meerder vergadering 'n ander karakter. In die meerder vergadering spreek iemand as afgevaardigde, en hou rekening met die wil van die sender. In die kerkraad spreek alleen vir houself, en is verantwoordelik voor God. In die meerder vergadering is iemand ook verantwoordelik teenoor die afvaardigende kerk.

Gevra is, waarom nie gesprek word van plaaslike diakonale vergaderings nie. Dit gebeur omdat kerklike samekomste is samekomste met besouersreg en -mag. Diaconale samekomste is alleen vir die diens van barmhartigheid. Slegs die beginsals en die reels vir die diens, van barmhartigheid, moet uit die kerkraad voortkom. Alleen as hulpoudarlinge, en nie as diakone, het hulle hartsuurmag. Diaconale konferensies kan geen bindende besluite neem om die selfde rede. Die afgevaardigdes na daardie konferensies moet ook nie met geloofswrige kom nie. 'n Geloofsbrief, beteken dat iemand namens sy kerkraad mag het om iets te se of te doen. So'n mag het alleen die kerkraad om te gee.

Daar is ook (in General Assembly, d.w.s. afvaardiging van alle kerke, of nog beter, alle kerkraade met hulle hele personeel op een vergadering teenwoordig. Dit is 'n sinode by uitremondheid, maar in die praktyk onmoontlik. Toch is dit baie goed, net nie keuke in geheel op baie gewigting-punte geraadpleeg word.

Hoe moet geoordeel word oor die vergadering van die plaaslike kerk? By die papale, bisoplike s.a. steels is soets onmoontlik. By die Independeente daarinteen is dit die eintlike vergadering. Daar is die volksloewersintiteit in die kerk. Die Ceref. erken sowel die algemene amp van die galowiges as die spesiale amp van die ampdraers. Daarom is die kerkraad alleen vir handeling bevoeg in oorelog met die gemeente. Gemeentevergaderings is dus gewens. Hulle karakter is egter nie die van 'n besturende mag nie, maar van een wat met die kerkraad oamwerk. In sulke vergaderings mag dus rooit vir die kerk bindende besluite geneem word nie. Ewenmin moet die saak by stemming deur die gemeente uitgesmack word nie. Dit moet in die vorming uitkom, b.v. 'n gemeentevergadering moet nie 'n sie preeaas en skryba he nie. Daar moet geen besluite geneem word nie, maar alleen die oore van die gemeente uitgesprek.

ARTIKEL 42.

In hierdie samenvatting val geen ander dan kerklike sake op kerklike manier bekendel word nie. In die meerder vergaderings sal slegs nie handel nie, dan alleen wat in mindere nie afgehandel kon word nie, of oor wat tot die kerke in die meerder vergadering in die gesen is hoor.

In drie beginnels word die bewoegheid van die meerder vergaderings oekryse:-

a) sake ander dan kerklike sake nie.

In Frankryk het die Hugenote die kerklike vergaderings gebruik vir politieke doeleindes, en vis krygerade. Dit was alleen om die voorde van die tyd, en nie uit beginsel nie. In Holland sou Willem I dieselfde koers in sy het die oorlog te veld daarvoor bevorder. Namens hom het Marnix gespreek. Die doel was om die kerk te laat diens doen in die oorlog teen Spanje, en aansluiting te soek by die Duitse R.ste. Saarom moet die Augsburger Korfesie aange neem word. Die Acta syng daaroor. In 1572 het die vryheid gekom, en was dit in belang om in 1574 te Dorst uit te spreuk, dat kerk en staat nie met mekaar mag verwar word nie. Die meerderheid van die State was libertyns, en die libertyns wou ook as overheid in die kerke op trou. Daaron moes die kerke uit spreuk, dat hulle nie op overheids terrein sou tree nie. In gemengde sake, b.v. die huwelik, is die beslisning grotendeels aan die overheid gelaat. In 1578, art. II en §I, is hierdie besluit gerektifiseer.

Die kerke moes wel enige reggenskap he in huwelik se sake. Later is die oplegging gevind in die politieke en kerklike huwelike.

Hierdie beginsel is nog van krag, dat daar geen politiek op kerklike vergaderings verhandel word nie. Die galants het twee kwaliteite, as lid van die kerk, en as burger. Die twee moet nie verwar word nie. Daar is onderstaand tussen partikuliere gesake en gemene gracie. Die gracie is egter dikwels moeilik te trek. b.v. in tyd van oorlog. Vir 'n onregverdigte sak kan die kerk nie bid nie. Dan is dit beter om te syne.

b) op kerklike wyse

Op staatkundige gebied dwing die overheid. By die kerke moet dit nie so wees nie. Kerklike vergaderings moet altyd motiever, overtuig, en aantoon dat iets op die Woord van God geprond is.

c) Op geskrewe vergaderings moet alleen kom wat in die mindere nie kon afgehandel gevind het nie, of wat tot belang van die kerke in die algemeen behoort.

Die terrein wat die meerder vergadering in dus kleiner as die van die mindere. In alle ander stede is dit juis andersom, omdat die mag van bo na benede kom. By die Cereform. gaan dit van onder na boe. Die overheid hou haarselvewyke gewoonlik geen rekening, en den doen dan navraag na die hoofbestuur van die kerk, wat op ander rds bestaan nie.

ARTIKEL 43.

Indien iemand sig beksla deur die uitspraak van die mindere vergaderings verongelyk te wees, mag hulle op die meerder vergaderings beroup; en wat met die menslike stemme gevind word, sal vir bondig gehou word. Tenay dit bewys word testry met Godes Woord, of teen die art. in hierdie Generale sinode besluit, sal ek as hulle nie deur 'n ander Generale sinode verander is nie.

Hoofsaak in hierdie art. is die bindende krag van die besluite. Die beginnels is:-

- a. Daar is van elke besluit 'n beroep op die meerder vergadering. Dit kom nie omdat die meerder vergadering hoër staan, nie omdat daar in meer voorborg is vir 'n onparadijs oordeel.

Dit is die beginsal. Die beperktheidsbord aan die kerk oorgelaat. Gevra kan word of daar geen termyn moet wees vir die appel. Dit is moeilik, want...

1. Isar moet gedwing word dat bestaan van so'n termyn herinner word;
2. 'n Beroep kan moet altyds word, waaroor dit b.v. 'n uur te laet kom.

Die Kinode van die Gereformeerde Kerke in S.A. 1894, art II7, het besluit, dat so iemand wil appelleer volgens art. SI, dan moet hy sy voornamens kennis gegee aan sy kerkraad binne 14 dae na ontvangst van die uitpraak van die kerkraad. Die appel moet dan ook geskied by die eerstvolgende vergadering, waarop die besluite waarteen oopgespil is geneem is. Dit betreklike kerkraad moet hiervan kennis kry. Dit kan wees dat die kerkraad vir hulle 'n "mand" wil kies. Dit is nodig dat die kerkraad behoorlik van 'n beroep op die meerder vergaderings sal kennis kry, aangesien hy homself daar moet verantwoord.

Mariliver is die vraag, of die besluite van die mindere vergaderings moet uitgevoer word, totdat die meerder vergadering gepraat het. Die antwoord hang van die mōd van die besluit af. B.v. die bevestiging van 'n amptdraer moet wag, anders is die amptdras daar al. It b.v. die vaststelling van die uur vir die gesondiere oefening moet uitgespoer word, want daar moet godsdiens oefening gehou word.

Besluite van 'n provinsiale kinode, kan nie wag op 'n generale kinode nie, wat maar eenmalig in drie jaar sit. 'n Beroep op die klassie kan wag, omdat 'n ligtaamwoede klare is kan gehou word.

b. Die meerderheid handig.

Daar teen kan aangevoer word, dat die een nie oor die ander een mag heer nie. Alles moet met eenen akkoord gaan. So het dit gestaan in die redaksie van Embden. Maar die het dit so opgevat, dat die minderheid sig na die meerderheid moet konformeer. In die debat moet blyk watter party die meerderheid was, en dan moet die minderheid sig terwille van die eenheid konformeer. Die redaksie van 1618 se dat die coörsigte van die meerderheid geldig sal wees en dat daardie besluite standdraglik sal gehandhaaf word. Art. 86. D.K.D.

- c. Gem. besluit is van en handig, as dit gevind word te staan met die Naam van God.

Hierdie klousula het nooit moontlikheid opgelewer nie.

ARTIEKEL 11.

Die handeling van alle samenkomsse sal met die aanroeping van die Naam van God aangevug, en met die dankesegting besluit word.

Dit is 'n punt van orde, wat wel hier agterwee gehly het. 'n Kerkraad kom saam op lal van Christus, en vra daarom ondersteuning om daardie lal te kan uitvoer. In die 18de eeu is 'n formulier gebed op gestel. Daardie formulier gehui is nie opgestel vir stummers en mukkals nie, maar om die standdraglikheid by die gebed temerk bevorder. By die vrye gebed weet mens nie altyd wat nou volg nie. Moet daar ook uit die H.B. gelees word? Neen, hier is Metodistiese invloed merkbaar. Die kerkraad kom nie saam tot orderlings-stigting nie, maar om sy amp te vervul. Daar kan wel gelees word wat Gods woord se oor die amp, of oor die onderbewig kwestie.

ARTIEKEL 33.

Die wat tot die samekomste afgesondert word, sal hulle kredensiebriewe en instruksies, onderteken van diegene wat hulle stuur, meebring en hulle sal keurstemme he, tenzij in sake wat hulle persoon of kerke in besonder aangaan.

Die Dordtse redaksie het nie die slotwoorde gehad nie.

Dit raak geen formaliteit nie, maar is hoofsaak. Die meerderes vergaderings is vergaderings nie van persone nie, maar van kerke. Die afgevaardigdes verteenwoordig hulle, en het daarom 'n geloofsbrief nodig om hem te legitimeer. Deur die kredensiale word die karakter van die vergadering bepaal. Hulle moet ook hulle instruksies meebring, d.w.s. nie 'n voorskrif hoe hulle moet praat en stem nie, maar wat hulle namens hulle vergadering moet doen. Outydls het die instruksies die vorm van vraagpunte gehad (vgl. part. vrae). Die instruksies is vandag by ons die bekrywingspunte. Die stemming van die afgevaardigdes hang af van die deliberasie. Alleen in heel besonder gevalle sou die sendende vergadering sy afgevaardigdes kon las gee om te stem. Dit is nie toegelaat, omdat die bedenking nog aan die Woord van God moet getoets word. Om van tevore die stemming te wil bepaal in 'n reiging tot Independentisme en in stryd met die aard van die meerderes vergadering. In verband hiermee moet opgemerk word, dat nie elke saak van die klassis seers noodwendig op die kerkraad moes gewees het nie. Ewenmin van die Sinode op die klassis. Die Arminiane het dieselfde voorgestel, om veroordeling onvoontlik te maak. Van die kerkraad het hulle gemeen, moes die saak na die klassis; by amendament weer terug na die kerkraad en so ad infinitum.

Die is egter gewens dat belangrike sake op die kerkraad sal bespreek word, sodat die kerke kan gehoor word. 'n Definitiewe besluit mag die kerke nie neem nie. Daarvoor ontbreek plaaslik die kennis van sake. Die kredensie briewe moet saamgebring word. Die vergadering word eers gekonstitueer geag as die kredensie briewe ondersoek en in orde gevind is. Die kerke is die lasgewers. Die afgevaardigdes die lashebbers. Meerdere vergaderings dui nie op die mag, maar oop die meerderheid van die kerke. Die lasbronne moet onderteken wees, van diegene wat stuur, n.l. van die praeses en die skriba. Een naam is nie genoeg nie. Die afgevaardigde kan nie getutie wees in sy eie saak nie.

DIE KEURSTEMME.

In die woord le opgesluit, dat ook ander kan teenwoordig wees. Elegs moet 'n gedeelte van die lokaal vir die vergadering afgesondert ween. Die enige beperking is, dat by die tuisake die publiek verwijder sal word. Die besprekking van algemene sake kan aangehoor word deur die lade. Die algemene publiek het daar niks mee te maak nie. Die vraag is gedoen of die gemeente lade ook kan spreek. Hierop antwoord ons, nee. Hulle het geen reg van spreek in die kerkraad nie. Met amptsdraers is die geval anders. Asan hulle kan adviserende stem verleen word. Na mate die vergadering groter word, sal dit altyd minder moontlik blyk. Benoem die sinode 'n deputasie, dan moet hulle die woord kan voer om op die volgende sinode verslag te kan gee. By hierdie art. word by die gerevideerde K.O. bygevoeg die slotwoorde van art. 42., tenzij in sake wat hulle persone of kerke in besonder aangaan. Die grondreel is, dat niemand regter kan wees in sy eie saak nie.

ARTIEKEL 34.

In alle samekomste sal by die praeses 'n skriba gevoeg word, om naastiglik op te skrywe, wat waardigt is om onderteken te wees.

Die besluite moet opgeteken word. T.o.v. die deliberaasie is dit nie noodsaaklik nie. Die optekening hiervan stig soms meer verwarring dan nuttigheid. Wel kan 'n vergadering self die motiewe van 'n besluit formuleer en dan laat opakrywe. Hier word nie van 'n assessor gevraat nie, Wel op die sinode van Embden, op. 5. art.2. Ook op die sinode van 1578, art. 35. Die taak van die assessor is om die praeses te vervang en te help.

Hier kan nog gevra word of die skriba aan die kerke kennis moet gee van die besluite. Ons ss, -nee, dit berus by die afgevaardigdes. Vroear is die besluite aan hulle gedikteer. Tegenwoordig word die besluite gedruk.

'n Tweede vraag is of die skriba die notule boek in besit kan neem? Dit mag nie, want die boek is die eiendom van die kerke. Dit moet 'n bewaarder manwys, en die mag alleen insage verleen.

ARTIEKEL 35.-

Die amp van dié praeses is om voortstaal en te verklaar wat te verhandel is; en toe te sien dat elkeen sy orde sal hou in die sprake; die knibbalagtige en die wat te heftig is in sprake te beveel dat hulle moet swyg., en oor hulle as hulle geen gehoor gee, die behoorlike sensuur lant gaan. Voorts sal sy amp uitgaan wanneer die samekoms skei.

Die woord "amp" bedui hier 'n werkzaamheid, en nie 'n waardigheid nie. In die Latynse vertaling van 1581 word dit oorgesit deur "officium" en later deur "functio", terwens deur "murus".

Die prases moet sorg dat die vergadering haar doel sal bereik. Hy moet nie te laks en te eiswillig optree nie. Hy moet so speedig moontlik 'n voorstal vra of 'n voorstal maak, sodat die debat nie in die wille sal verloop nie. Wil die praseemand die woord ontnem, dan moet hy die vergadering laat beslis. Hy is haar dienaar. Hy hoeft oock nie aan almal oor 'n bepaalde punt die woord te gee nie. Die wat heftig is, moet hulle woord terug trek, en so niek, dan kom die sensuur, d.w.s. 'n berisping in woorde. Nat die stemming aangaan, dit hoef nie altyd hoofdelik te wees nie. Oor persone stem die vrye kerke in Switzerland deur opstekking van die hande. Dit is wel nie geheim, maar só se hulle daar moet 'n kristen tee kan staan. Sommige kan egter nie daar tee nie, en daarom is die stemming oor persone skriftelik. As daar nie te veel aanhange, is die aanwysing van die praseemand soms genoeg. Oor belangrike sake stem mens deur te sit of op te staan. Akklamasie is nie aan te beveel nie, tensy mens weet dat almal daarmee eens sal wees. 'n Praeses het na die vergadering geen funksie nie. Die voorstaatskap is geen waardigheid hoos in die kollegiale stelsel nie. Wel bly demand prase as die vergadering gekors word of langer as 'n dag duur., Te Embden , op. 5 art. 6, word vryheid gelaat om te herkies. Dit is egter beter om die skyn van kwaad te vermy en die beginsel daarvan te weerstaan. Die prases en die skriba kan egter as deputate agter om die nota te laat druk.

ARTIEKEL 36.-

Die selfde seggenskap het die Klaasis oor die kerkraad, wat die partikuliere sinode het oor die klassis en die generale sinode oor die partikuliere.

Hierdie art. is in 1581 in die K.O. opgeneem. Die beginsel volg vanself af aan ; dit le in die kerkverband. 'n Besuit wat tesame geneem is, is vir almal bindend. Die eenheid van die kerk kom daarin uit. Daar is 'n konsentrasie van die kerkraad in die klassis en van die klassis in die provinsiale sinode. Hierdie gesag is nie hierargies nie of kollegiaal, maar op dieselfde manier waarop 10 mense meer kan doen as E. 'n Meerder vergadering word so genoem, nie om die meerderheid van gesag nie, maar om die meerderheid van verteenwoordigende kerke. Prof. Heyns spreek nie van 'n hoér, maar van 'n breër gesag, en Prof. Havinck sei- die samekomste is onderakei nie deur hoér maar deur meerder gesag wat som-

Prof Beyns spreek nie van Hul hoër maar van breer gesag, en Prof. Bavinck se... die samekomste is onderstel nie deur hoër maar deur meerderes mag wat saamgebring word en oor breer gebied sig uitstrek. Die gesag van die klassis en sinode is nie oorspronklik, maar afgelaai, d.w.s. ontleen aan die gesag van die kerkraad. Die kerkrade bring hulle gesag daar bymekaar, maar nie al hulle gesag nie) Vgl. art. 30.). By 'n bestuurskollege is dit anders. Daar daar die gesag van bo af.

Daar staan nie dat die gesag van die klassis oor die kerkraad dieselfde is as die van die kerkraad oor die gemeente nie. Want hierdie laaste gesag is nie ontleen nie, maar deur God self gegee. Die gesag van die meerderes vergaderings oor die kerkraad staan gelyk aan die van die kerkraad oor die individuale kerkradslede. By 'n onwettige besluit moet die mindere vergaderings langs wettige manier daarteen opkom. 'n Mens moet egter oppas vir 'n "Rechts-haberei". In tussen moet die besluit soveal moontlik opgevolg word, om nie ontren te word aan die akkord nie. Daarteenoor moet 'n meerderes vergadering geduld oefen met 'n onwillige mindere vergadering, en onwillige kerkrade. Anders word die bestaan van die s.g. Vrye kerke bevorder. Mens moet bedink dat ons besluite nie onfeilbaar is nie. Hier voorbeeld van Rome is waarskuwend waar yenslotte alles toegelaat word, behalwe om in te gaan teen die bestuursmag.

ARTIKEL 37.

In alle kerke sal daar 'n kerkraad wees, bestaande uit die dienaars van die woerd en die ouderlinge, wat altans in die groter gemeentes eenmaal per week sal saamkom, alwaar die dienaar van die Woord (of dienaars so daar meer is by beurt) sal presidenteer en die akkie sal regeer.

In die dordtse redaksie het verder nog by hierdie art. gestaan.— En sal ook die magistraat van die plaaslike respektievelik, indien dit hom gelief en of twee van haar lidmate van die gemeente by die kerkraad laat sit, om aante hoor en saam te delibireer.

Die K.O. begin met die kerkraad. Dit is die juiste volgorde. In die kollegiale stelsel is dit net andersom. Vgl. reglement 1818. Die kerkraad is die primordiale. Die plaaslike kerk is daar voor die kerkverband,. In art. 30 van die konfessie word gesee... dat die kerkraad bestaan uit dienaars van die Woord, en ouderlinge en diskens. Die K.O. spreek alleen van die dienaars en die ouderlinge. Die vraag is wat mens onder kerkraad verstaan? Mens kan dit in enger en ruiner sin neem. Die sinode van 1671, art. 3, stem met die konfessie ooreen. Die saak het weer ter sprake gekom op die sinode van 1574. Daar is besluit dat die dienaar van die Woord, die ouderlinge en die diakens terwane die konsistorie sal vorm, sodat die pastores en die ouderlinge alleen sal vergader en die diskens afsonderlik, waarby die vergadering ver die dienaars en ouderlinge die eigentlike kerkraad was. So was dit ook in die groter kerke. In die kleiner kerke is die diskens by die kerkraad geneem, maar hulle het diens verrig as hulpeuderlinge. By die formele erkenning van art. 30 van die konfessie het die sinode van 1574 eintlik twee soorte kerkrade ingevoer, n.l. die gewone en 'n grote. Die diakens hoort dus tot die bree en nie tot die smalle kerkraad nie. In die sinode van 1578, art. 22, blyk dat ook hier geag is dat die kerkraad bestaan sonder diskens. In 1581 is ons teenwoordige art. reeds gevorm, (vgl. art. 28). In 1586 is dit dieselfde (sie art. 35). Alleen is bygevoeg, dat waar die getal van die ouderlinge baie klein is, sal die diakens by die kerkraad geneem word.

Naarvan hang dit nou af of daar diakens by die kerkraad sal wees?

- a. van plaaslike omstandighede, of die gemeente groot is of klein.
- b. of daar op die kerkraad sake behandel word wat die diens van barmhartigheid betref of reeling van die diakonale diens in die algemeen.

Hierby kom ook die oorg vir onderwys van die onvermogendes en sake wat ir. hoofsaak van stoflike aard is. Hierdie laaste is wel geen diens van barmhartigheid nie, maar ook geen suwer regeringswerk nie, sodat die diakens daarby gesoen kan word. In art. 4 word hulle ook gesoen by die verkiezing van die dienaar van die Woord. Dit was vanouds so. Die motief was om die heerskappy van enkele persone toe te gaan en die gemeente soveel moontlik te laat deelneem. Vgl. die traktaat van die Reformasie van die kerke, par. 25, waar Kuyper die diakens quo tale in art. 4 beskou en nie as serbare lidmate nie. Die onderskeid tussen die ampt moet altyd vasgehou word.

Dit tyd van samekoms is eenmal per week. Die vraag is, waarom lant die K.O., wat slegs algemene beginsels aanges hierdie saak nie aan die kerke self oor nie?

Ons antw.- Die opstellers was bevrees vir te min kerkraadsvergaderings, iets wat skadelik sou wees vir die gemeente.

In groter kerke is eenmal per week nie te veel nie. In kleiner kerke kan die tyd verleng word. Aan te beveel is om vante tye te ha, omdat die neiging bestaan om te min te vergader.

Niks is bepaal omtrent die aantal lede nodig om 'n wettige besluit te neem nie. Dit is nie nodig in 'n generale K.O. en moet eer die plaaslike kerke self oorgelaat word. Degr ons sirodes is tweederdes bepaal. Dit is bietjie hoog. Dit is nie laend om die helfte van die lede te bepaal nie, maar as dan b.v. een derde van die lede die saak te genietig vind, is dit die beste om die saak dan te laat oorstaan.

In die art. is niks gesê omtrent die "konvokasie" nie. By gewone vergadering is 'n konvokasiebrief nie dienstig nie, tensy daarop genoemd staan die agenda, sodat die lid dig kan voorberei. Dit is egter ook nie genoeg nie. Die beste is om 'n bespreking die maak weer uit te tel as mens nog nie ryk is vir 'n beslissing nie. Buitegewone vergaderinge moet egter aan almal bekend wees.

Part. vrae, 1581, No. 2punt 65. Die leiding van die vergadering is aan die dienaar van die Woord oorgelaat. Hierin skuil geen klerikalisme nie, . Hy is voorsitter van wie sy hoër ontwikkeling. 'n Bepaling dat alle lede by die beurt sou presideer, sou nie gaan nie. Die toerbeurt geld alleen vir dienaars van die Woord om hierargie te voorkom. In 1586 is ook gesprok oor vergadering met die Waalde, Engelse, Skotse of Duitse kerke. Daar het nie veel van gekom nie, omdat daar geen gemeenskaplike taal was nie. Op die kerkraadsvergadering kon nie Latyn gepraat word nie. Wel het die Waalse en Nederduitse kerke mekaar gehelp teenoor die Arminianisme.

(N.B. Vanwee die bestaan van Ceraform. kerke uit ander tale, was dit die gewoonte om plaaslike te spreek van die Nederduitse kerk te _____, Die algemene naam in die 16de of 17de eeu was die Ceraform. kerk in Nederland.).

Die magistrab. - Hierdie laaste deel war die Dordtse redaksie verval, omdat dit nie uit beginsel voortvloei nie, maar 'n konseksie is, wat ingewoog is met die oog op die politieke approbacie van die K.O. Dit is nie deur die overheid gedoen nie, maar so het die konseksie verval.

ARTIEKEL 38. -

Wanneerstaande dat op plekke waar die kerkraad vir die eerste maal of opeen op te rig is, dit nie sal geskied nie, dan met die advies van die klassis. En waar die getal van die ouderlinge te klein is, sal die diakens deur plaaslike reeling, saam met die kerkraad kan geneem word; iets wat altyd sal gebeur waar hierdie getal op minder as drie bepaal is.
die Dordtse redaksie het nie die Woerde "na plaaslike reeling" gehad nie. Die laaste deel van die art. was ook nie daar nie, vanaf die woerde, - "iets wat altyd", ecc.

Wanneerstaande, sien hier op die begin van art. 37. Op verskillende plekke was daar nie dadelik 'n kerkraad nie, soms wel 'n predikant. Later was dit nog die geval in Romse stede. In gerefom. gesneakte plekke het die bevolking nog bain Rooma gebly. Daarwels was alleen die familie van die koster en die predikant in die kerk. (Die Suidelike Nederlande soos Brabant en Limburg). Tog was op sulke plekke 'n kerkregering nodig. Hoe dan? Art. 38 gee antwoord. Die naburige kerke moet so'n swak kerk help. Die klas is het opgetree. Dit het deurgaans enige predikante gekomiteer om aan kerkraadslede hulpdienste te doen. By vaktures het hulle gesien wat kerkraad was. Tog was die beginsal gehandhaaf, dat die een kerkg oor die ander niks te se had. By predikantsberoeping het die kerkraad hulle in kontak gestel met die gemeentelede en hulle keuse is meestal gevolg.

Die klassis het in sulke gevalle dus gorg by wyse van deputasie. Daar is egter 'n beter weg n.l. dat die klassis die belang van so'n plek opgraan 'n naburige kerk. Dan ontbreek die ouderlings-element nie. Tewena is die naburige kerk die beste op hoogte met die toestand. Dus word daar 'n "kerk" gedeputeer. Natuurlik moet aparte doopboeke ens. aangela word. Is daar in die klein kerk 'n gesikte persoon, moet 'n begin gesneek word deur hom as optiener te kies. Die samestelling van 'n nie kerkraad moet die doel bly. Daar is ook gevalle waar advies van die klas is ermoedig is., b.b.v. by skipbreukelinge. Die klassis is dus nie absoluut nodig nie. Vgl. ook die geval van reformasie van 'n vervalle kerk. Embden 1371 spreek van diensars van die Woord vir hierdie werk. Daar was by die Kruiskerk nog byna geen onderlinge rie. Ons bepaling is afkomstig van 1388.

Hoeveel lede is nodig vir 'n kerkraad? Een kan geen vergaderindhou nie, dus minstens twee en nog 'n diakon. "Tres faciunt collegium". Dat die plaaslike reeling totref, dit is vir die kleiner kerke nie nodig nie, uitgesonder in gevalle waar kwessies kan kom. Grottere kerke het egter huichoudelike bepalinge nodig.
Dr. Rutgers:- Kerkelyke Administratie. Deputaten.

ARTIEKEL 39. -

Plekke waar nog geen kerkraad kan voer nie, sel deur die klassis onder zorg van naburige kerkrade gestal word. Dordtse redaksie.- In die plaatse daar nog geen kerkraad is, sal middelertyd d'ur die Klasse gedaan word. I gene ander der Kerke Raedt uytenuwyzen dese Kerken Ordinatie opgeleijdt is te doen.

Hierdie art. gaan saam met art. 38., maar gehandel word oor kerke-like deputate. Dit is dan ook reeds daer behandel. Onder art. 38 hoort ook huis die kwessie van die kombinasie van twee of meer kerke. Vgl. Jansen oor art. 38. Art. 39 gee antwoord hoe gehandel moet word op plekke waar nog geen kerkraad is nie. Vgl. verder wat Jansen se oor hierdie art. in sy verklaring van die K.R.

ARTIEKEL 40.

Bengalyks sal die diakene saamkom, waar dit nodig is elke week, om met die aanroeping van die naam van God, die sake wat hulle aang betrek te behandel, waарoor diensars goed opsig sal hou, en hulle daarby laat vind.

Daar is ook afsondelike samekoms vir die diaakens., soos vir die ouderlinge en voorts 'n plenere kerkraad, volgens uitwyking van 1574. Hierdie samekoma var diaakens was veral nodig in Holland en Zeeland waar die diaakons baie meer te doen gehad het as onder die kerke onder die Kruis. Met uitsoniering van Friesland, het min armes hulle by die kruiskerk gevoeg. Die officiële armegeodere was nog in die hande van die Roomse. Ook was dit moeilik vir die same on rond te gaan. Na 1574 het stede dorpe en oorhede Gereform. geword en het die officiële armegeodere in besit van die Gereform. kerk gekom. Die diaakens het dus meer werk gekry. Hulle moet selfs die nie-Gereform. besorg en was min of meer burgerlike amptenare. Vgl. Dordt, 1574, artt. 53 en 54. Als weks moet daar vergaderings gehou word, sodat die diaakens nie nodig sou he, om op hulle self te handel nie. In gevigtige seke moet die kerkraad geraadpleeg word, n.l. in gevalle waar algemene beginsel van armsorg ter sprake kom, b.v. verband tussen disiplines en armsorg; weesvermorging, ens. Artikel van 1578 spreek nie van elke week nie, want dit was nie orals nodig nie. Art. 29 van 1581 het weer alle weke". In 1588 het daar gravaneek gekom oor die verhouding tussen overheid en kerk. Die overheid het gepog om die diakonaat te onttrek aan die kerk. Daar word bevestigend geantwoord op die vraag, of die diaakont onder toestig van die kerkraad staar. Dansoods kan die dienaar van die Woord in die diaionale vergadering, d.w.s. i.v.m. sake wat die beginsels raaken, wat uit die woord van God moet afgelaai word. Die oude linge is nie uitgaansit nie, want die kerkraad hou toestig. Daar kannie twee stuurlei op dieselfde skip wees nie. Met aanroeping van die Farm van God. Hieruit mag nie afgelaai word dat ons formulier gebud uit daardie tyd afkomstig is nie. Dit kom nie voor in die officiële liturgie van 1581 nie,. Missiem is dit op gestel deur een of ander uitgawer.

ARTIEKEL 41.

Die klassikale vergadering sal bestaan uit gesamentlike kerke, wat elkeen 'n ouderling en dienaar, na die plek en tyd deur hulle, by die uitmekar gaan na elke vergadering, goedigevind, daarheen met behoorlike kredensie sal afgelaai, by watter samekoma die dienaars by die heurt of andersins, diegene wat daur die vergadering verkore is, sal, presideer, so norma ls, dat dieselfde persoon nie tweemaal agter mekaar sal gekies word nie.

Voorts sal die preester elkeen o.a. vra., of hulle in hulle kerke die kerkraadvergaderings lou; of die kerklike disipliene uitgeoefen word, of die arme en die skole besorg word, of daar iets is waarin hulle die klassis se oordeel en hulp tot regte instelling van hulle kerk behoeft. En eindelik sal in die laaste vergadering voor die partikuliere sinode verkore word die persone wat na daardie sinode sal gaan.

Die Luutste redaksie het nog die woord "behoef" -- De Dienaar dien in 't voorgaande Classe opgelaaidt was, sal 'n corde predikatie uyt Gods Woord doen, van welke de anderen cordelen, ende so daar iets in ontbreookt, aannwaan sullen.

I. DIE SAMETTILLING VAN DIE KLASSE.

Dit was baie onderskeidelik. Voor die tyd van Alva was baie min kerke georganiseer. Eindelik het die Duitse en die Nederlandse kerke tot klassas saamgevoeg. artt. IO XI. T.c.v. die Engelse kerk is in art. 12 alleen die wersalikheid uitgespreek, omdat Elisabeth die episkopale kerkregering gehandhaaf het,. In 1572 en later is die kerke wat naby mekaar le, uit noord provinsial bymekaar gevoeg. Tydens die sinode van 1574 was alles nog in onrus.

Gedurende die Nasionale Sinode van 1573 was daar geen Spaanse troepe meer nie. Toe het daar weer 'n hekmaal onder indeling gekom. In die vervolg so l die partikuliere Sinodes die indeling van die Klaasie. Gevra is of daar 'n minimum of 'n maksimum te stel is? 'n Vaste reel kan nie gegee word nie. Die doel moet alleen in die tog gehou word, n.l. om mekaar te help. Daarvoor moet daar ondertoe bekendheid wees en meermaal per jaar vergader. Daargaans is die maksimum 45 en die minimum 10 kerke.

2. DIE KARAKTER VAN DIE KLAASIE.

